

## **Soos Solomon Linda, huil ons ook vir ons land**

**Deur Veronica van Dyk LP**

*DA-skadu-adjunkminister van sport, kuns en kultuur*

Agbare Voorsitter, Lede van die Huis

Vanjaar se Erfenismaand-tema bring hulde aan die 60ste herdenking van die dood van sanger en liedjieskrywer Solomon Popoli Linda, asook aan Suid-Afrikaanse inheemse musiek.

Erfenisdag op 24 September staan ook in Suid-Afrika as braaidag bekend. Hierdie jaar sal baie mense egter in jan-tuisbly-se-karretjie ry en net droom van 'n braaitjoppie, want brandstof en kospryse in Suid-Afrika is buite beheer. Dit is die erfenis wat die ANC laat.

Suid-Afrika is 'n land ryk aan kultuur en taal, al swyg die Taalraad oor die inheemse status van Afrikaans en die Khoi- en San-tale tydens 'n openbare dispuut en selfs toe dit moes erken dat die Afrikaanse Taalmonument 'n plek in die erfenis van Suid-Afrika het.

Niks bring mense in Suid-Afrika egter bymekaar soos die krag van musiek nie. SA geniet 'n verskeidenheid groepe wat almal unieke en ingewikkelde inheemse musiekklanke het. Jy kan jou dus verlekker aan nostalgiese en legendariese liedjies wat 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse kultuur geword het, soos Pata Pata van Miriam Makeba, Jabulani deur PJ Powers, Vicky Sampson se African Dream, Mango Groove se Special Star, of Johnny Clegg & Juluka se Scatterlings of Africa of net lekker boeremusiek, klassieke Afrika-musiek, jazz en verwante township-musiekstyle. Lewende erfenis bevorder kulturele diversiteit, sosiale kohesie, versoening, vrede en ekonomiese ontwikkeling en is 'n noodsaaklike bron van identiteit en kontinuïteit.

Die waardevolle maar verwaarloosde kulturele erfenis wat in inheemse musiek bestaan, moet egter dringend bewaar word. Die Suider-Afrikaanse Musiekregte-organisasie (Samro) het die Inheemse Afrika-musiek-projek (IAM) gestig wat fokus op die transkribering en dokumentasie van inheemse Afrika-musiek vir doeleindes van navorsing, bewaring, uitvoering, sowel as bevordering van Suider-Afrika se ryk musiekerfenis, maar musiek wat uitgevoer word op inheemse instrumente soos die uhadi, umakhweyana, xitende en mbila, tradisionele musiek vir kulturele deurgangsrites soos troues en begrafnisse, en selfs kinderliedjies, loop gevaar om saam met sommige van die beoefenaars van hierdie unieke klanke uit te sterf. Inheemse musiek behoort in die kurrikulum van skole opgeneem te word. Daar is ook 'n leemte in die navorsing van inheemse musiek om musikale diversiteit te herontdek en uit te bou.

Solomon Linda is 'n Suid-Afrikaanse gebore musikant van KwaZulu-Natal en bekende komponis van die liedjie " Mbube", wat later die gewilde musieksukses "The Lion Sleeps Tonight" geword het. Sommige van sy musiek kan geïnterpreteer word as 'n uitdrukking van politieke onenigheid -"Haal jou hoed af" wat herinner aan die behandeling deur poskantoorbeampies, eindig met die woorde "Sikhalela izwe lakithi" /"Ons huil vir ons land". Ons huil ook vir ons land.

Ons huil oor staatskaping, kaderontploffing en korrupsie. Oor 'n Minister van Sport, Kuns en Kultuur wat 'n R22 miljoen vlagpaal prioritiseer, terwyl duisende musikante en kunstenaars nog die impak van Covid ervaar. 'n Minister en Kunsteraad wat nie deursigtige prosesse volg wanneer 'n Nasionale Simfonie-orke gestig word en 'n handjievol kaders hulle dik vreet aan belastingbetalersgeld, terwyl arm huishoudings wonder waar die volgende bord kos vandaan kom. Die land se konstante daling op die ranglys vir ekonomiese vryheid word reflekteer in die lewenskwaliteit-afname-maatstawwe wat deur die meeste Suid-Afrikaners ervaar word – die resultaat van die regering se gekose ideologiese

en beleidsposisies. Die ANC regering moet dringend die buitensporige belasting en heffings op brandstof sny om die prys van brandstof, voedsel en lewenskoste te verlaag.

Op Erfenisdag erken en vier ons die kulturele rykdom en diversiteit van ons nasie. Ons besef, in die woorde van Lorde, dit is nie ons verskille wat ons verdeel nie, maar ons onvermoë om die verskille te erken, te aanvaar en te vier. Die kompromie in ons landslied reflekteer egter ons kulturele en musikale versoening.

Nkosi sikelel'iAfrika. God seën Afrika